N.G. Gemeente Oudtshoorn Welgeluk

Posbus 762, Oudtshoorn, 6620
Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn
GPS: Lengtegraad : -33.6103100 Breedtegraad: 22.2012000

VISIE: Om met liefde te bou aan God se Koninkryk

Liewe Vriende **28 Maart 2020**

Die Kerkraad het gisteraand ’n vergadering gehad oor die Koronavirus en hoe dit ons Gemeente se aktiwiteite en bediening raak en veral ons eredienste. Die kerkraad ondersteun uiteraard die bepalings soos deur die Staatspresident afgekondig, op Sondag 15 Maart 2020 in geheel. Lidmate en ons gemeenskap se veiligheid en gesondheid is vir ons van absolute belang.

In die lig van voormelde word die volgende reëlings graag in plek gestel:

1. Eredienste:

Daar sal geen eredienste wees tot na die Paasnaweek nie. Die eredienste sal wel vooraf opgeneem word en op You tube, Soundcloud en Facebook gelaai word. Elke Vrydag sal U die betrokke skakels na die opnames v.d. dienste via e-pos, sms en/of whatsapp ontvang.

Indien U nie toegang het tot die fasiliteite nie, is die preek ook op DVD en/of CD beskikbaar. Daar moet net asb. Vooraf met die leraar gereël word.

2. Nagmaal en Paasnaweek:

Ons Paasnaweek Nagmaalviering word tot ’n latere datum uitgestel .

3. Begrafnisse:

Wanneer daar 'n begrafnis is, sal dit ongelukkig net vir die familie kan wees. Daar kan ook geen verversings na die troosdiens bedien word nie.

4. Basaar en Spesiale Dankoffer:

As gevolg van die maatreëls wat deur die staat ingestel is, is ons genoodsaak om die basaar en spesiale dankoffer datums te verander. Ons basaar van Vrydag 8 Mei 2020 skuif nou na Vrydag 16 Oktober 2020 en die Spesiale Dankoffer insameling van 1 November 2020 skuif nou na Sondag 31 Mei 2020.

Leraar: Ds. Andries Potgieter: Sel nr. 084 514 2178: E-pos – ajpotgieter@telkomsa.net
Pastoralehulp: Ds. Bertine Malan Sel: 076 524 6455: E-pos – bertinemalan@gmail.com
Kerkkantoor : Tel nr. (044) 272 4391 : Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 11:00
E-pos adres: ngwelgeluk@telkomsa.net www.nggemeenteoudtshoorn-welgeluk.co.za
Bankbesonderhede: NG Oudtshoorn – Welgeluk: Nedbank: Takkode: 175205: Rek: 1006783962

5. Werkers

Ons versoek lidmate om in hierdie tyd veral ook te let op die welstand van hulle werkers. Ons versoek ook lidmate om toe te sien dat werkers genoegsaam ingelig is oor die virus en dat daar vir hulle voorsiening gemaak word om ten minste aan die basiese higiëne vereistes te voldoen.

6. Bejaardes:

Lidmate word versoek om ook om te sien na die welstand van ons bejaardes. Help hulle met inligting asook met die aankoop van kruideniersware en ander behoeftes.

7. Praktiese Wenke:

Goeie higiëne help baie om die verspreiding van die Koronavirus te beperk, maar ook om verkoues en griep, te voorkom!

Was gereeld jou hande met seep en water vir ten minste 20 sekondes.

Nies of hoes in die hoek van jou elmboog of sneesdoekie, nie in jou hand nie. Was onmiddellik jou hande nadat jy gehoes, genies of neus geblaas het.

Moenie aan jou gesig, veral jou mond, neus en oë, raak met ongewaste hande nie.

Gebruik ’n handontsmettingsmiddel.

Vermy noue kontak met iemand wat siek is.

Ten Laaste:

Die Koronavirus is ’n kairos-oomblik vir gelowiges. Leef asof jy en ander die Koronavirus het.

Paulus moedig die gemeente in Kolossense aan tot volhardende gebed, waaksaamheid, dankbaarheid en oop deure vir die evangelie, terwyl hy in gedwonge isolasie in die tronk is (Kolossense 4: 2-6). Hy moedig die gemeente tot wyse optrede teenoor vreemdelinge aan én dat hulle, net soos hy, die beste gebruik van elke geleentheid (kairos-oomblik) sal maak.

“Nou is die tyd om die hoop wat ons in Christus het, te verkondig,” sê hy in soveel woorde. Krisis-oomblikke is dikwels ook tye vol geleenthede om die evangelie nie net te verkondig nie, maar ook uit te leef.

As geloofsgemeenskap het ons 'n spesiale roeping om ons mede-gemeentelede te versorg en die gemeenskap te ondersteun in hierdie tyd. As ons voorbereid is, is ons in 'n beter posisie om ander te help. Kom ons maak van die probleem ‘n geleentheid om hoop te bring en werklik ‘n verskil te maak!

Baie dankie vir elkeen se samewerking in die verband.

Namens die Kerkraad van N.G. Oudtshoorn-Welgeluk. Ds. Andries Potgieter.